# HOOFSTUK VI.

## 'N BEKNOPTE OORSIG VAN DIE ONTWIKKELING VAN INDIVIDUELE SKOLE EN ANDER OPVOEDKUNDIGE INRIGTINGS IN DIE VEREENIGINGSE DISTRIK[1].

1. Laerskole.

(a) Daleside. J.S.F. Botha het op 15 Januarie 1941 as eerste hoof[2] die skool geopen op erwe no. 262-266 en 305-308 van Witkop[3]. Die eerste skoolgeboutjie was van sink en steen. Daar was nietemin vyf klaskamers waarin onderrig aan 119 leerlinge gegee is.

Die huidige skoolgebou bestaan onder andere uit ses klaskamers, twee gradekamers, een biblioteekklaskamer, een personeelkamer, een kantoor en een projektorkamer. Ook is hier baie goeie rugby- en korfbalvelde asook pragtige tennis- en atletiekbane. Dié skool, met die leuse WERK EN WEN, het tans twee rugby- en korfbalspanne. Ook word die leerlinge onderrig in stoei, jukskei en volkspele.

Net soos die meeste skole in Vereeniging, kan die vooruitgang op industriële gebied ook van die styging van die aantal skoolkinders afgelei word. Die volgende tabel word in hierdie verband gegee:

| Jaar | Getal leerlinge |
|---|---|
| 1941 | 119 |
| 1946 | 282 |
| 1950 | 387 |
| Tans | 250 |

/Die volgende .......

---

1. Aangesien VanderBijlpark as 'n afsonderlike magistraatsdistrik verklaar is van 1 Julie 1946 af, val die skole van hierdie gebied vir die doel van hierdie hoofstuk nie binne die bestek van hierdie verhandeling nie.
2. Meegedeel deur die hoof, Dalesideskool.
3. Vasgestel in die Skoolraadskantoor, Vereeniging.

Die volgende persone was hoof aan hierdie skool[1]:

| Naam | Datums | |
|---|---|---|
| | Van | Tot |
| J.S.F. Botha | 1941 | 1950 |
| G.J. van Wyk | 1951 | 1954 |
| W.A. Venter | 1955 | Tans |

(b) De Deur. Hierdie skool was een van die eerstes wat in die Vereenigingse distrik opgerig is. Weens die feit dat die eerste skooljoernaal van hierdie skool verlore gegaan het, was dit ongelukkig nie moontlik om die vroegste gegewens na te gaan nie.

Vir sover vasgestel kon word, is 'n woonhuis van klip en sink gehuur om as eerste skoolgebou te dien. Die getal klaskamers in gebruik was twee[2].

Op 15 Maart 1941 is die eerste gedeelte van die huidige gebou op Gedeeltes 1 en 3 van Gedeelte C van De Deur gebou[3]. Die hoeksteen is gelê deur B.J. Pretorius, L.P.R.

Die laaste vier hoofde wat aan hierdie skool verbonde was, is:

| Naam | Van | Tot |
|---|---|---|
| N.H.B. Tinker | ? | 14.3.1935 |
| J.J. Potgieter | 15.10.1935 | 25.6.1950 |
| J.C. Wüst | 16. 1.1951 | Des. 1953 |
| J.N. Pieterse | 12. 1.1954 | Tans |

/Die skool .........

1. Meegedeel deur die hoof, Dalesideskool.
2. Meegedeel deur die hoof, De Deurskool.
3. Vasgestel in die Skoolraadskantoor, Vereeniging.

Die skool se groei word in die volgende gegewens weerspieël: In 1939 was die leerlingtal 101; in 1946 was dit 163; in 1950 was dit 198 en tans is dit 230. Na wat verneem word, is talle mense van Johannesburg en Vereeniging begerig om hulle op De Deur te kom vestig, maar die gebrek aan elektrisiteit maak dit onaantreklik. Die hoof van hierdie skool is egter die mening toegedaan dat indien elektrisiteit voorsien word, die getalle van sy skool baie gou nog verder opgestoot sal word.

Hierdie dubbelmediumskool verskaf onderrig aan leerlinge van die gebiede De Deur, Appelboorde, Walker's Fruit Farms en Evaton.

Daar is twee rugby- en twee korfbalspanne by hierdie skool wat aan die hoofpad tussen Vereeniging en Johannesburg lê. Ook speel verskeie leerlinge hier tennis en ringtennis[1].

(c) Drie Riviere A.M. Die Vereenigingse skoolraad het perseel 900, Drie Riviere-uitbreiding, in Januarie 1945 uitgesoek as die perseel waarop hierdie skool gebou moes word. Die stigting van 'n skool vir 450 leerlinge in hierdie voorstad is egter eers op 5 November 1948 deur die skoolraad goedgekeur. Op 8 Maart 1949 is die stigting van die skool amptelik goedgekeur, maar eers in Maart 1952 is tenders gevra vir die oprigting van die skoolgebou. Die tender van D.B. le Roux vir £27,185 is aangeneem en op 23 Junie 1952 is met die bouery begin.

Die Departement van Onderwys het op 5 Januarie 1953 beslis dat dié skool 'n parallelmedium-inrigting moet wees.

Die Drie Riviere A.M. is op 7 April 1953 geopen

/met 190 ...........

---

1. Meegedeel deur die hoof, De Deurskool.

met 190 Afrikaanssprekende en 188 Engelsmedium leerlinge.

Op 3 Augustus 1953 het die Afrikaanssprekende ouers by wyse van 'n petisie versoek dat die skool as 'n Afrikaansmediuminrigting verklaar moet word. Aan hierdie versoek is voldoen en op 25 Junie 1954 is afskeid geneem van die Engelsmediumleerlinge wat na die Miltonskool vertrek het.

Die eerste skoolkommissie wat op 13 Augustus 1954 gekies is, was dr. A.J.L. van Rooyen (voorsitter), J. Steyn (ondervoorsitter), F.N. Joubert (sekretaris), H.J. Grevelink, W.J. Burger, ds. J.J. van As en mev. E.M. Grutzmacher.

Die groei van die skool kan soos volg saamgevat word: Die leerlingtal van die skool het so vinnig toegeneem dat die twaalf klaskamers wat aanvanklik gebou is al gou onvoldoende was, en die personeelkamer, voorportaal en selfs 'n pakkamer moes dien as klaskamers.

By afstigting was hier 290 Afrikaanssprekende en 251 Engelssprekende leerlinge. Die inskrywing het op 4 Junie 1956 die vyfhonderdtal oorskry en was aan die begin van 1958 al 551. Tans is daar 580 leerlinge.

H.J.H. Vorster was van April 1953 tot Desember 1954 waarnemende hoof van dié skool. J.H. Dippenaar, die huidige hoof, het in Januarie 1955 diens in hierdie hoedanigheid aanvaar.

Die Drie Riviere A.M.-skool hou deeglik rekening met die feit dat die kind nie net 'n verstand en liggaam het wat ontwikkel moet word nie maar dat die mens ook 'n sosiale en emosionele wese is. Buitemuurs word heelwat tyd bestee aan sport, die Voortrekkers, konsertafrigting, kunswedstrydwerk e.d.m.

/Daar is ..........

Daar is tans 17 onderwysers op die personeel. Die oprigting van 'n skoolsaal, 'n biblioteek, 'n kunskamer en 'n gradekamer is alreeds goedgekeur en dit sal hopelik eersdaags aangebou word.

Die skool se leuse is GROEI EN BLOEI [1].

(d) Duncanville. Hierdie skool, met die leuse VORENTOE, is in Januarie 1957 geopen met J.J. Louw, die afgetrede hoof van Handhawer, as waarnemende hoof. Die getal leerlinge was 402 en daar was twaalf onderwysers op die personeel.

Die eerste en huidige skoolkommissie bestaan uit ds. W.F.H. Huyzers (voorsitter), R. Kriel (sekretaris), dr. H.J. Stander, P. Markgraaff, H.J. Putter, J.S.H. Coetzee en P.P. Fourie.

Op 1 Julie 1957 is die huidige hoof, A.J. Nortjé, as eerste permanente hoof van Duncanville verwelkom.

Die skoolgebou is een van die mooistes in Vereeniging. Dit is 'n pragtige moderne dubbelverdieping-gebou met 15 klaskamers, 'n skoolsaal en 'n biblioteek wat pas voltooi is.

Die leerlinge van hierdie skool spog met vier rugby-, vier korfbalspanne en 'n atletiekspan. Op sportgebied laat dié skool hom deeglik geld, want 'n rugbybeker is reeds in 1958 en 'n korfbalbeker in 1959 verower. Die skool beskik slegs oor tydelike rugbyvelde en korfbalbane. Die terrein moet nog gelyk gemaak word alvorens die velde en bane aangelê kan word.

Leerlinge wat woonagtig is by die Klipkragstasie, in Redan, Arcon Park, Vereeniging-uitbreiding no. 1 en Duncanville besoek hierdie skool. Hulle word per skoolbus

/en gewone .........

---

1. Meegedeel deur die hoof, Drie Riviereskool.

en gewone bus vervoer.

Die huidige getal leerlinge in Duncanville is 401 [1].

(e) Handhawer. Hierdie skool, wat die eerste Afrikaansmedium-skool in Vereeniging-dorp was, is op aandrang van die ouers by die Departement van Onderwys dat 'n Afrikaanse skool op Vereeniging gestig moet word, op Maandag 20 Oktober 1924 formeel van die Selborneskool afgestig met sewe onderwysers en 185 leerlinge in klasse vanaf graad I tot standerd V.

Die leerlinge is aanvanklik in vier winkels gehuisves, en aangesien die ruimte hier uiters beperk was, het die Departement op 6 Februarie 1925 die byhuur van 'n vyfde winkel bewillig [2].

Die eerste skoolkommissie was vermoedelik oom Tommie Rood, di. H. Steyn en L. Brand, oom Naas Rautenbach, J. Visser, M. Beukes en G. Strydom [3].

Een van die mees kenmerkende eienskappe dwarsdeur die geskiedenis van die skool was "groei". Skaars is voorsiening gemaak in bestaande behoeftes of die leerlingtal het so toegeneem dat nuwe probleme en behoeftes geskep is. Binne agtien maande na die skool se stigting is 'n standerd VII-klas ingestel. Om in hierdie behoefte te voorsien, is die konsistorie van die N.G. Kerk bygehuur [4].

'n Belangrike mylpaal in die skool se geskiedenis is op 17 Januarie 1928 bereik toe 'n pragtige nuwe en moderne skoolgebou met 8 klaskamers, 2 waskamers, 'n kantoor en buitegeboue amptelik deur die destydse direkteur van onderwys, H. Scott, geopen is. By hierdie geleentheid het die

/Direkteur .........

1. Meegedeel deur die hoof, Duncanvilleskool.
2. Feesuitgawe: Die Handhawerskool, 1956, 15.
3. Meegedeel deur die hoof, Handhawerskool.
4. Feesuitgawe, t.a.p.

Direkteur toestemming verleen dat met standerd VIII-klasse voortgegaan kon word. Die toestand van voldoende ruimte was egter van korte duur, want op 11 November 1930 moes die saal van die „Sons of England" bygehuur word. Ook is tydelike geboue van 1934 af opgerig of buitesale is gehuur om in die behoeftes van die vinnig groeiende leerlingtal te voorsien. Eers is Knap-geboue opgerig, daarna steenvertrekke en uiteindelik ook asbesvertrekke. In 1936 het die skool 'n standerd IX-klas bygekry en die daaropvolgende jaar toe hierdie leerlinge vir die matrikulasie-eksamen voorberei moes word, is die hoërskool van Handhawer afgestig en is hierdie leerlinge sowel as alle ander in die middelbare afdeling van Handhawer na die hoërskool oorgeplaas[1].

Van Januarie 1940 tot Januarie 1950 is vyf skole van die Handhawer afgestig, nl.[2]:

| Datum | Skool afgestig |
|---|---|
| 16.1.1940 | Vereenigingse Hoërskool |
| 30.7.1940 | Unitas Park |
| 21.1.1947 | Roodtstuine en |
| | Victory |
| 17.1.1950 | Peacehaven |

Nieteenstaande die feit dat so 'n groot aantal skole in so 'n relatief kort tydjie van hierdie skool afgestig het, kan die Handhawer se merkwaardige groei uit die volgende tabel afgelei word[3]:

| Jaar | Leerlingtal |
|---|---|
| 1924 | 185 |

/1939 ............

1. Meegedeel deur J.J. Louw, gewese hoof van Handhawer.
2. Feesuitgawe: Die Handhawerskool, 1956, 15.
3. Meegedeel deur die hoof, Handhawerskool.

| Jaar | Leerlingtal |
|---|---|
| 1939 | 669 |
| 1946 | 710 |
| 1950 | 626 |
| 1959 | 736 |

Volgens die hoof van Handhawer bestaan die sierlike nuwe verdiepinggebou van hierdie skool uit 17 klaskamers, 3 gradekamers, 'n kunskamer en administratiewe kantore. Ook vorm 'n saal en 'n biblioteek deel van die skoolgebou. Die skool sou goed toegerus wees en veral baie doen ten opsigte van aanskouingsonderwys.

Die volgende hoofde het diens by hierdie skool gedoen[1]:

| Naam | Datums | |
|---|---|---|
| | Van | Tot |
| J.J. Louw | 20.10.1924 | 11.12.1947 |
| J.P. Bredell | 19. 1.1948 | 28.11.1952 |
| C.G. Botha | 2. 1.1953 | Tans |

Die naam „Handhawerskool" met die leuse VAN KENNIS TOT KRAG dateer van Januarie 1932 en wil uitdrukking gee aan die begeerte en wil om te handhaaf al wat mooi en goed en waar is uit ons volksverlede[2].

Die skool beskik tans oor een atletiekspan, drie voetbal-, vier korfbal- en drie tennisspanne en buit die

/meeste ...........

1. Meegedeel deur die hoof, Handhawerskool.
2. Feesuitgawe: Die Handhawerskool, 1956, 15.

meeste van die bekers in toernooie of byeenkomste. Die skool beskik oor twee tennisbane en twee korfbalvelde, en 'n voetbalveld is tans in aanbou [1].

(f) <u>Hartzenbergfontein</u>. Hartzenbergfontein is een van die oudste skole in die distrik Vereeniging. Dit is in Maart 1903 geopen [2]. Aangesien die eerste skooljoernaal verlore geraak het, was dit ongelukkig nie moontlik om die vroegste gegewens van hierdie skool te bekom nie.

Die vooruitgang van Vereeniging op industriële gebied kan duidelik ook in hierdie skooltjie se groei bemerk word. In 1939 was daar 70 leerlinge; in 1946 was daar 72 en in 1950 76. Na 1953 het die leerlingtal egter sodanig gestyg dat daar twee keer aan die skool aangebou moes word om akkommodasie aan die leerlinge te verskaf. Die huidige leerlingtal is 202.

Dié skool het die volgende persone as hoof gehad:

| Naam | Van | Tot |
|---|---|---|
| Eerstes onbekend | | |
| R. de L. le Roux | _ 1916 | 29. 6.1917 |
| J.A. v.d. Merwe | 24. 7.1917 | 25. 9.1919 |
| N.A. Grové | 7.10.1919 | 12.12.1919 |
| J.H. Nel | 20. 1.1920 | 14.12.1951 |
| D.E. Engelbrecht | 8. 1.1952 | 30. 6. 1952 |
| G.J.M. Scheepers | 1. 7.1952 | Tans |

/Die huidige .....

1. Meegedeel deur die hoof, Handhawerskool.
2. T.E.D. Report, January to June, 1903, 68.

Die huidige skoolgebou het ses klaskamers, twee gradekamers, drie kleedkamers, een personeelkamer en twee kantore. Volgens die hoof geniet die skool 'n besonder goeie ondersteuning van die ouers by geleenthede van skoolgeselligHede.

Hartzenbergfontein het twee rugby-, korfbal-, krieket-, sagtebal- en tennisspanne. Ook het die skool sy eie rugbyveld, atletiekbaan, twee korfbalvelde en twee tennisbane[1].

(g) Johanna van der Merwe. In Januarie 1947 is die Kookrusskool in Kliprivierdorp in die voorstad Kookrus geopen. C. van der Walt was die eerste hoof en hy is bygestaan deur ses personeellede.

Hierdie skool is afgestig van die Meyertonse laerskool en moes die leerlinge wat in die Kliprivierdorp en Rothdene woonagtig was van die nodige onderwys voorsien.

Die eerste skoolgeboutjie het bestaan uit ses klaskamers van hout, sink en asbes. Later jare is drie klaskamers en 'n kantoor aangebou.

Onderstaande is 'n lys van die hoofde van hierdie skool sedert die stigting daarvan:

| Naam | Van | Tot |
|---|---|---|
| C. v.d. Walt | Jan. 1947 | Maart 1952 |
| J. Davey | April 1952 | Junie 1955 |
| C.R. Schnitler (Waarnemend) | Aug. 1955 | Des. 1956 |
| J.C. Laubscher | Jan. 1957 | Des. 1957 |
| N.J. v.d. Westhuizen | Jan. 1958 | Tans |

/Die ..............

---

1. Meegedeel deur die hoof, Hartzenbergfonteinskool.

Die Rothdeneskool met 257 leerlinge is in die derde kwartaal van 1955 van hierdie skool afgestig. Die huidige getal skoolkinders is 147.

Die skool se naam is later verander na dié van die Voortrekkerdogter Johanna van der Merwe.

Op die gebied van rugby, korfbal en atletiek word besonder goed deur hierdie skool gepresteer [1].

(h) Kliprivier. Die Kliprivierskool is van Daleside afgestig en is op 21 Januarie 1957 in Garthdale deur M.J. Marx, 'n pensionaris, en vyf personeellede geopen. Die eerste skoolkommissie het bestaan uit: dr. H. Bain, dr. S. Evans, J.A. Usworth, S. de Swardt, A. Scheepers, E.B. Pretorius en P. de Wet.

Met die opening van die skool was die getal leerlinge 121; tans is dit 148.

J.C. Ellis is hoof sedert Augustus 1957. Die getal personeellede is tans 5 en die huidige skoolgebou het sewe klaskamers.

'n Begin is hierdie jaar gemaak met die sportsoorte rugby, korfbal en atletiek. 'n Groot faktor wat die beoefening van dié sportsoorte vertraag het, was die afwesigheid van die nodige bane en velde.

Kliprivier is 'n parallelmediumskool en die verdeling van die leerlinge is: 89 Afrikaans- en 59 Engelssprekend [2].

(i) Magrietha Prinsloo. Op 1 November 1915 is die Evatonskool met 49 leerlinge en met mej. J.M. Verschuur as hoof geopen. Sy is bygestaan deur twee assistente.

Die eerste skooltjie het twee sinkvertrekke

/gehad ............

---

1. Meegedeel deur die hoof, Johanna van der Merwe-skool.
2. Meegedeel deur die hoof, Kliprivierskool.

gehad. Die eerste skoolkommissie het bestaan uit: Ignatius du Preez (voorsitter), Nicolaas Erasmus, Abe Cohen (sekretaris), Christiaan Crause, Willem Nel, Pieter de Jongh en John Buys.

Op 7 Oktober 1920 is die eerste klaskamers van die huidige skoolgebou betrek, en volgens die hoof het dit „daarna soos 'n swaelnessie aangewas". Die naam van die skool is in 1938 verander na die huidige.

Die huidige skoolgebou bestaan uit drie gradekamers, 12 klaskamers, 'n kunsvlytlokaal, 'n biblioteekklaskamer, 'n personeelkamer en twee kantore. Die skool maak voorsiening vir 575 leerlinge.

Die groei van die skool kan uit die volgende syfers afgelei word:

| Jaar | Leerlingtal |
|---|---|
| 1915 | 49 |
| 1939 | 260 |
| 1946 | 354 |
| 1950 | 431 |
| Tans | 393 |

Die volgende persone was hoof aan hierdie skool:

| Naam | Van | Tot |
|---|---|---|
| Mej. J.M. Verschuur | 1.11.1915 | 31. 3.1916 |
| D.C. Marais | 11.11.1916 | 30. 5.1919 |
| G.J. Celliers | 20. 1.1920 | 23. 9.1921 |
| J.S. van Heerden | 24. 1.1922 | 23. 3.1923 |

/A.D. Neethling ...

| Naam | Van | Tot |
|---|---|---|
| A.D. Neethling | 22. 4.1924 | 26. 9.1948 |
| S.J. Lubbe | Jan. 1949 | Junie 1953 |
| J.C.O. van Graan | Julie 1954 | Tans |

Dié skool, wat oor alle fasiliteite behalwe 'n skoolsaal beskik, se leerlinge neem deel aan rugby (3 spanne), korfbal (4 spanne) en atletiek. Ook is by hierdie skool 'n sterk Voortrekkerkommando te vind[1].

(j) Milton. Hierdie Engelsmediumskool met die leuse BY COURAGE AND FAITH is op 27 Julie 1954 op erwe 186 en 191 in Drie Riviere geopen.

Die eerste hoof, A.E.P. Webster, het waargeneem en hy is bygestaan deur agt personeellede. Die eerste skoolgebou was van asbes gebou en het elf klaskamers gehad. Tans verrys daar egter 'n sierlike moderne skoolgebou van siersteen.

Die eerste skoolkommissie was: ds. C.S. Surmon, T.F.B. de Villiers, J.D. Beecham, F. Calvert, J.A. Roth en mevv. D. Beasley en K.A. Read.

Oorspronklik was die leerlinge van Milton in die Peacehavenskool, maar van 1953 af is hulle oorgeplaas na die Drie Riviere-parallelmediumskool. Vir 'n jaar lank was die leerlinge daar maar is toe na die Three Rivers E.M. School - tans Milton - oorgeplaas.

Met die opening van Milton in 1954 was die leerlingtal 247; tans is dit oor die 500.

Die huidige hoof is A.E. Hammond.

Die leerlinge van hierdie skool neem deel aan

/atletiek .........

1. Meegedeel deur die hoof, Magrietha Prinsloo-skool.

atletiek, speel korfbal, krieket en sokker. Ook het die skool 'n swemspan.

Milton word bygewoon deur Engelssprekende kinders van die voorstede Drie Riviere, Peacehaven, Unitas Park en Duncanville.

Dié skool is vernoem na die Engelse digter John Milton [1].

(k) Panfontein. Op 19 Januarie 1927 is die Panfonteinskool geopen deur J.H. Smuts en 'n personeellid. Die eerste skoolkommissie het bestaan uit: W.H. Dorfling, J. du Preez, J. Kruger, W. de Beer en M. Erasmus.

Waar die eerste skoolgebou 'n murasie was wat gerestoureer is, is die huidige 'n netjiese permanente geboutjie met twee klaskamers. Voorsiening word gemaak vir 64 leerlinge. Die teenswoordige geboutjie is in die tweede kwartaal van 1928 opgerig. Die leerlinge van hierdie skool word vir meer as twintig myl van Heidelberg se rigting af daarheen vervoer.

Panfontein het nie dieselfde mate van groei ondervind as die ander skole in die Vereenigingse distrik nie. Die rede hiervoor is dat dit suidoos van Vereeniging in die rigting van die Vaaldam geleë is. Feitlik al die plase langs die dam en die Vaalrivier behoort aan die Anglo American Corporation en op die meerderheid van hierdie plase word naturelle as bestuurders vir genoemde maatskappy aangetref.

Die volgende persone was hoof aan dié skooltjie [2].

/J.H. Smuts .......

1. Meegedeel deur die hoof, Miltonskool.
2. Meegedeel deur die hoof, Panfonteinskool.

| Naam | Van | Tot |
|---|---|---|
| J.H. Smuts | Jan. 1927 | Maart 1927 |
| J.J. van Tonder | April 1927 | Junie 1934 |
| J. Scholtemeyer (tydelik) | Julie 1934 | Okt. 1934 |
| P.R. de Villiers | Okt. 1934 | Des. 1935 |
| G.N.J. van Logge-renberg (tydelik) | Jan. 1936 | April 1936 |
| P.C. Rossouw | April 1936 | April 1938 |
| W.P. Wessels (tydelik) | April 1938 | Junie 1938 |
| P.B. Bosch | Aug. 1938 | Des. 1945 |
| D.I.H. Fourie | Jan. 1946 | Des. 1956 |
| M.J. Kotze | Jan. 1957 | Des. 1957 |
| J.F. Kotze | Jan 1958 | Tans |

(1) Peacehaven. Hierdie skool, wat van Handhawer afgestig het en wat op 17 Januarie 1950 in die Vereenigingse voorstad Peacehaven geopen is, het A.J. Nortje as eerste hoof gehad. Hy is bygestaan deur 12 personeellede, waarvan 7 aan die Engelsmedium- en 5 aan die Afrikaansmediumafdeling verbonde was. Die eerste skoolgebou het bestaan uit elf klaskamers van steen en sink.

Die uitbreiding van Vereeniging het ook hierdie skool geraak, want op 2 April 1951 is nog twee klaskamers aangebou en op 6 September 1951 is 'n verdere drie tydelike klaskamers opgerig. Nog is die versadigingspunt nie bereik nie, want op 5 September 1952 is nog agt tydelike klaskamers voltooi.

Die Drie Riviereskool is op 7 April 1953 met 390 leerlinge afgestig.

/Vir sover ........

Vir sover dit getalle aangaan, word die volgende genoem: Met die opening van die skool in Januarie 1950 was die leerlingtal 373 en aan die einde van daardie jaar was dit 448. Daar is tans 295 leerlinge.

Die hoof van dié skool is P.J. Meijer, wat hierdie pos sedert 30 Julie 1957 vul. Die getal personeellede is 10, en onderrig word in 13 klaskamers gegee.

Die leerlinge wat hierdie skool besoek, is hoofsaaklik afkomstig van die voorstad Peacehaven en van die omgewing van Vereenigingstasie.

Rugby, krieket, tennis en korfbal as sportsoorte word deur die leerlinge van Peacehaven gespeel [1].

(m) Roodtstuine. Die Roodtstuineskool, met die leuse WERK EN WEN, is op 21 Januarie 1947 van die Handhawerskool afgestig en is in Pierre de Villiersstraat, Roodtstuine, geopen in 'n siersteengebou van 8 klaskamers en 'n kunskamer. Die eerste skoolkommissie het bestaan uit J.G. Strydom (voorsitter), J.M. van der Walt (sekretaris), P.J. Henning, C.J. Barnard, A.J. Saayman, J.M. Fourie en M. de Jager.

Die volgende persone was hoofde van Roodtstuine: A.J. Nortje (Januarie 1947 tot Desember 1949), J.C.O. van Graan (Julie 1950 tot Junie 1954) en H.L. Engelbrecht (sedert Januarie 1955).

Daar is tans 187 leerlinge in die skool en hulle is afkomstig van die volgende woongebiede: Roodtstuine, Homer, Steelpark, Staatsdorp, Steen- en Panwerke, Unitas Park-uitbreiding.

Ses personeellede saam met die hoof behartig tans

/die onderrig ......

---

1. Meegedeel deur die hoof, Peacehavenskool.

die onderrig in die skool. Rugby, korfbal en tennis word deur leerlinge van Roodtstuine gespeel[1].

(n) Rothdene. Om in die behoefte van leerlinge in die Rothdenegebied te voorsien, is hierdie skool op 1 Augustus 1955 in die lewe geroep. Die eerste hoof was J. Davey en hy is bygestaan deur sewe personeellede. Op die eerste dag het 250 leerlinge die skool bygewoon.

Die eerste skoolkommissie het bestaan uit: D.J. Burger, S.J. Marais, J. Kruger, P. Fürstenburg, J.C. Els, L.P. le Roux en J. Buitendag.

Nadat Davey as hoof op 28 Junie 1957 vertrek het, was die huidige hoof, H.J.H. Vorster, die volgende permanente hoof. Hy het op 1 Januarie 1959 diens in hierdie hoedanigheid aanvaar.

Rothdeneskool het twee gradekamers, ses klaskamers, een kunsvlytlokaal, een biblioteekkamer, een personeelkamer en twee kantore.

Die huidige getal leerlinge is 232 en hulle speel korfbal en rugby - twee spanne van elk. Ook neem die leerlinge van Rothdene deel aan atletiek en hulle het vir twee agtereenvolgende jare eerste gekom van die skole in die Kliprviervallei[2].

(o) Selborne. Hierdie E.M.-skool was die eerste skooltjie wat in Vereeniging-dorp na die Tweede Vryheidsoorlog opgerig is. In Februarie 1903 is hierdie skool geopen, met D. Rees as hoof, en ongeveer 50 leerlinge wat in twee tente gehuisves

/is. .............

---

1. Meegedeel deur die hoof, Roodtstuineskool.
2. Meegedeel deur die hoof, Rothdeneskool.

is. Daar was twee onderwysers op die personeel. Die voorsitter van die eerste skoolkommissie was dr. T.N. Leslie.

Die tente het heelwat moeilikheid opgelewer in reënweer. Dit is dikwels ook omgewaai deur die wind. Die gevolg van petisies om 'n permanente skoolgebou was dan ook dat die tender van £1,980 van dr. T.N. Leslie in 1904 aangeneem is vir die oprigting van die skool [1]. Daar is vier klaskamers, 'n kleedkamer, 'n kantoor en 'n voorraadkamer van steen gebou. Dié gebou is in Oktober 1904 voltooi en kort daarna in gebruik geneem [2]. Later is nog by vier geleenthede byvoegings tot hierdie gebou gemaak, maar ongelukkig kon geen datums in dié verband verkry word. Die oorspronklike gebou is tans nog in gebruik.

In November 1906 was daar 92 leerlinge en dit het stadigaan gegroei tot dit 396 in 1926 was. Intussen het die Afrikaansmediumskool op 20 November 1924 met 185 leerlinge van Selborne afgestig.

Op 20 Januarie 1925 is Selborne as 'n Intermediêre skool geklassifiseer.

Op 31 Desember 1930 neem D. Rees afskeid as hoof en dr. F. Milne vul dié vakature op 1 Januarie 1931. Vroeg in hierdie jaar word die naam van die skool verander van „Vereeniging School" na „Selborne School" ter nagedagtenis aan lord Selborne. As leuse word geneem PLAY THE GAME.

Soos feitlik al die ander skole in die Vereenigingse distrik skiet die leerlingtal ook hier die hoogte in na die einde van die Tweede Wêreldoorlog. So was die inskrywing in 1946 556, en in 1950 was dit 507. Tans is daar 481 leerlinge by Selborne ingeskryf.

/Die ..............

1. Government Gazette Notice 334/04, 3.6.1904.
2. Meegedeel deur die hoof, Selborneskool.

Die Selborneskool het tans twee rugby-, vier korfbal-, drie tennis- en twee swemspanne, asook een krieketspan. Op die gebied van swem het die skool vir die afgelope vier jaar die inter-skoolbeker verower. Op ander gebiede word nie veel gepresteer nie, omdat die skool nie oor die nodige oefenvelde beskik nie.

Engelssprekende leerlinge van Vereeniging-uitbreiding, Leeuhof, Duncanville, Unitas Park, Houtkop, Springfield, Staatsdorp, Randse Waterraad en die Pan- en Steenwerke besoek hierdie skool, meesal per bus.

Die volgende persone was hoof by die Selborne[1]:

| Naam | Van | Tot |
|---|---|---|
| D. Rees | Feb. 1903 | 31.12.1930 |
| Dr. F. Milne | 1. 1.1931 | 23. 3.1932 |
| J. Raubenheimer | 5. 4.1932 | 31.12.1951 |
| G.J. Saayman (Waarnemend) | 1. 1.1952 | 30. 6.1952 |
| J.B. Cosford | 1. 7.1952 | Tans |

(p) Unitas Park. Hierdie skool is op 30 Julie 1940 deur G.P. van der Walt geopen met vier onderwysers en 129 leerlinge. Die leerlinge was voorheen in die Handhawerskool.

Die eerste skoolkommissie is soos volg saamgestel: W. Voges, P.F. van Tonder, E.J. Maartens, A.J. Kleynhans en L. van Vuuren.

Die eerste skool was 'n Knap-gebou en het bestaan uit vier klaskamers, een gradekamer en 'n kunskamer.

Ook hierdie skool het buitengewoon gegroei namate

/Vereeniging ......

1. Meegedeel deur die hoof, Selborneskool.

Vereeniging uitgebrei het. In 1940 was die leerlingtal 129, in 1946 was dit 246, in 1950 392, op 14 Desember 1956 was dit 565 en tans is dit 364. (In Desember 1956 is die Duncanville-skool met 400 leerlinge van Unitas Park afgestig).

Die volgende persone was hier hoof: G.P. van der Walt - waarnemend (30 Julie 1940 tot 31 Januarie 1941), G.A.C. Swart (14 Januarie 1941 tot 11 Desember 1945) en G.J.J. van der Merwe (sedert 1 Januarie 1946).

Hierdie skool, met die leuse MIK ALTYD HOëR, het tans tien klaskamers, twee gradekamers, een kunsvlytlokaal, een biblioteekklaskamer, een personeelkamer en twee kantore.

Op buitemuurse gebied word hier veel gedoen; die skool het drie voetbalspanne en drie korfbalspanne. Ook speel die leerlinge tennis[1).]

(q) Victory. Na die einde van die Tweede Wêreldoorlog is 'n staatsdorpie 'n paar myl buite Vereeniging aangelê om huisvesting aan teruggekeerde soldate te verskaf. Ongeveer 150 woonstelle is hier opgerig plus 'n paar sakeondernemings en die skooltjie, wat op 27 Januarie 1947 geopen is. Ook hierdie skool het van die Handhawer afgestig. Aanvanklik is onderrig aan 37 leerlinge verskaf.

Die eerste skoolkommissie is op 23 Februarie 1957 gekies en het bestaan uit: H.S. Marx, M.J. Eksteen, P.S.M. Grobbelaar, W.W. Theron en P.G. Prinsloo.

Mev. H.F. Sansom was hier hoof van 27 Januarie 1947 tot 28 Junie 1947; mev. C.E.R. Oosthuisen van 29 Julie 1947 tot 28 Junie 1951, en die huidige hoof, mej. M.J.S. de Wet, sedert 1 Julie 1951.

/Die skoolgebou ...

---

1. Meegedeel deur die hoof Unitas Park-skool.

Die skoolgebou wat van sink vervaardig is, het drie klaskamers en een kantoor. Dit kan 104 leerlinge huisves. Daar is tans egter slegs 58 leerlinge in dié skool en die kanse om verdere noemenswaardige uitbreiding is beperk, want die staatsdorpie vorm 'n geïsoleerde gemeenskappie[1].

(r) Voorwaarts. Die skoolraadsekretaris van Heidelberg het hierdie skool op 22 April 1922 in die Klipriviervallei geopen. Daardie dag het 47 leerlinge wat op Riversdale woonagtig was die skool bygewoon.

Die eerste skoolgeboutjie het uit drie vertrekke, waarvan die hoof een bewoon het, bestaan.

Die eerste skoolkommissie het bestaan uit: A.J. Reeves (voorsitter), A. White (sekretaris), P.S. Fourie, P. Pretorius, C. Brits, D.G. van Benecke en Karl Krige.

Met die uitbreiding van Vereeniging het dit al gou nodig geword om addisionele ruimte te bekom en daar is by herhaalde geleenthede weer klaskamers, kantore en 'n personeelkamer aangebou. Die gevolg is dat die huidige skool bestaan uit ses klaskamers, een gradekamer, die personeelkamer en twee kantore van siersteen, drie klaskamers van hout en een gebou van sink wat tans as 'n saal gebruik word.

Die skool se groei word in die volgende tabel weerspieël:

| Jaartal | Getal leerlinge |
|---|---|
| 1922 | 47 |
| 1939 | 175 |
| 1946 | 249 |

/1950 .............

1. Meegedeel deur die hoof, Victoryskool.

| Jaartal | Getal leerlinge |
|---|---|
| 1950 | 330 |
| 1959 | 344 |

Die volgende persone was hoof van Voorwaarts:

| Naam | Van | Tot |
|---|---|---|
| J. v.d. Twisk | Jan. 1922 | April 1927 |
| J. Breytenbach | April 1927 | Des. 1932 |
| A.F. Galloway | Jan. 1932 | Aug. 1940 |
| G.J.J. v.d. Merwe | Jan. 1941 | Des. 1945 |
| P.W. Lötz | Jul. 1946 | Des. 1954 |
| H.J.H. Vorster (tydelik) | Jan. 1955 | Des. 1955 |
| W.J.J. Bosman | Jan. 1956 | Tans |

Hierdie skool met een tennisbaan, een rugbyveld en twee korfbalbane het twee rugby-, vier korfbal- en twee krieketspanne; die skool het hom in die verlede deeglik op sportgebied laat geld. So het die skool se eerste rugbyspan in 1958 en 1959 al sy wedstryde gewen. Ook het die atletiekspan in 1959 die wisselbeker verower met sy aflosspan[1].

(s) <u>Krugerlaan spesiale skool</u>. T.E. Scholtz, die huidige hoof, het hierdie Senior Spesiale skool op 7 April 1954 op die hoek van Krugerlaan en Van Riebeeckstraat geopen. Hy is bygestaan deur dertien onderwysers.

Die eerste gebou was 'n tydelike gemonteerde gebou en dit het bestaan uit sestien klaskamers en drie sentrums

/vir praktiese ....

1. Meegedeel deur die hoof, Voorwaartsskool.

vir praktiese onderrig. Later is nog 'n sentrum aangebou.

Met die stigting van die skool was die leerlingtal 104; tans is dit 195.

Die leerlinge wat hierdie skool besoek, kom van oor so 'n groot gebied dat die suksesvolle beoefening van sport en ander buitemuurse aktiwiteite baie bemoeilik word. Krugerlaan het nietemin vier korfbalspanne en dit het in 1957 die interskoolsport vir Spesiale Skole gewen. Die Beker vir Kleiner Skole met die meeste vergulde sertifikate is op die onlangse Kunsskou deur hierdie skool verower.

Hierdie skool, met die leuse WERK MET LUS, voorsien in die noodsaaklike behoefte van die verstandelik minder gegoede leerlinge van Vereeniging.

Waar die gewone skool trag om veral teoretiese kennis by die kind by te bring, is dit die vooropgestelde doelstelling van die spesiale skool om veral handvaardigheid aan die leerlinge te leer. Meer aandag en tyd word bestee aan vakke soos kunsvlyt, kuns, handwerk ens.[1].

2. <u>Inrigtings in die Vereenigingse distrik wat middelbare onderwys verskaf</u>.

(a) <u>Die Provinsiale Hoërskole</u>.

(i) <u>Dr. Malan-hoërskool</u>. Met B.A. Kloppers as hoof is die Meyertonse hoërskool op 7 Januarie 1953 geopen. Die eerste gebou was „vaal asbesgeboue" en die beginjare van die skool is gekenmerk deur allerlei tekorte en baie ander vraagstukke. Nêrens was daar 'n boek, 'n kryt of 'n stukkie papier te bespeur nie. Van banke was daar geen sprake nie. Eers in die tweede kwartaal is die nodige voorrade verkry en kon

/daar 'n ..........

---

1. Meegedeel deur die hoof, Krugerlaanskool.

daar 'n begin gemaak word met die skoolonderrig. Dit het egter nie hierna lank geduur nie of die skoollewe het normaal en vlot begin verloop.

Aan die begin van 1954 is die eerste permanente skoolhoof, in die persoon van H.E.J. Senekal, verwelkom. Gedurende dié jaar is die skool se naam verander na die DR. MALAN-HOëRSKOOL.

In 1955 groei die leerlingtal tot vierhonderd met die bykoms van die Evatonleerlinge.

Aan die einde van 1956 verlaat Senekal die skool en J.G.M. Visser neem in 1957 as hoof waar. Aan die begin van 1958 neem J.H.P. Ackermann oor as hoof. Op hierdie tydstip is daar alreeds 'n begin gemaak met die bou van die pragtige skoolgebou wat kort gelede voltooi is. Grond is nou ook beskikbaar gestel vir sportvelde.

Aangesien die grootste gedeelte van die leerlinge per skoolbus na die skool kom, is dit noodsaaklik om sekere sportaktiwiteite slegs tot skoolure te beperk. Op die skool se rooster word daarom voorsiening gemaak vir twee sportperiodes. Weens die gebrek aan 'n behoorlike sportterrein is die skool se deelname aan verskeie kompetisies in 'n groot mate gekortwiek. Nietemin het die skool 'n hele paar voetbalspanne, en ander sportsoorte soos korfbal, hokkie, tennis en ringtennis geniet deurgaans die nodige belangstelling en aandag.

Die Christelike Studentevereniging is baie gewild en groot getalle leerlinge woon weekliks die byeenkoms by.

Die Dr. Malan-Hoërskool doen veral baie goeie werk in verband met die hoor- en sienmetode van onderwys asook in verband met die huidige departementele beleid van differensiasie.

/Aan die einde ....

Aan die einde van 1957 was 475 leerlinge ingeskryf en hulle het aangegroei tot die huidige getal van 621.

Die volgende tabel dui aan hoe die leerlinge tans in die verskillende standerds versprei is:

| Standerd | Seuns | Dogters | Totaal |
|---|---|---|---|
| 6 | 128 | 132 | 260 |
| 7 | 80 | 95 | 175 |
| 8 | 55 | 49 | 104 |
| 9 | 35 | 26 | 61 |
| 10 | 12 | 9 | 21 |

Die volgende vakkeuse word aangebied:

Std. X: Tik/Handel/Geskiedenis/Natuur- en Skeikunde; Duits/Boekhou/Snelskrif/Kuns; Wiskunde/Biologie; Handwerk/Huishoudkunde.

Std. IX: Kuns/Geskiedenis/Biologie; Duits/Boekhou/Geskiedenis/Snelskrif; Wiskunde/Handel/Tik; Handwerk/Huishoudkunde/Biologie/Natuur- en Skeikunde.

Std. VIII: Duits/Wiskunde/Boekhou/Tik; Wiskunde/Boekhou/Tik/Snelskrif/Aardrykskunde.

Std. VII. A-baan: Wiskunde/Tik; Duits/Boekhou.
B-baan: Wiskunde/Tik; Boekhou/Snelskrif.
C-baan: Wiskunde/Tik; Tik/Boekhou.

Die beheerraad van dié skool bestaan uit: D.J. Burger (voorsitter), ds. W.J.C. Cilliers (sekretaris), D.L. Hattingh, L.P. le Roux, N.J. Miller, P.J. Pietersen, P.J. van Aswegen, ds. L.M. Cilliers, ds. J.P. van den Berg, C.S. de Swardt en C.M. Norval[1].

/(ii) General .....

1. Meegedeel deur die hoof, Dr. Malan-hoërskool.

(ii) General Smuts High. Om sekondêre onderwys in 'n afsonderlike skool aan die Engelssprekende leerlinge van Vereeniging te gee, is die General Smuts High School in Januarie 1953 geopen. Die huidige hoof, J.P. Bredell, het van voorgenoemde datum af dié skool se belange behartig. Hy is aanvanklik bygestaan deur dertien personeellede.

Die eerste beheerraad het bestaan uit: G. Steyn (voorsitter), I.T. McPherson (sekretaris), W.F. Spence, P. Skudder, J.V. Katzen, J.D. Griesel, V.H. Woods, W.D. Campbell, dr. J.H. van Eeden, W.T. Brockett en mev. F. Jacobs.

Waar die eerste skoolgebou 'n gemonteerde gebou was, is in April 1954 'n pragtige nuwe gebou opgerig op gedeeltes 66, 67 en 69 van Leeukuil, met 'n totale oppervlakte van 11.2179 morg[1]. Die koste vir die oprigting van hierdie gebou was £30,779. 1. 3[2].

Met die opening van die nuwe skool het 322 leerlinge ingeskryf. Tans is dit 602. Die aantal onderwysers op die personeel is op die oomblik 28, met inbegrip van die hoof.

Die volgende tabel gee 'n beeld van hoe die leerlinge in die verskillende standerds versprei is:

| Standerd | Seuns | Dogters | Totaal |
|---|---|---|---|
| 6 | 97 | 85 | 182 |
| 7 | 80 | 82 | 162 |
| 8 | 58 | 59 | 117 |
| 9 | 54 | 36 | 90 |
| 10 | 27 | 24 | 51 |

/Die ..............

1. (a) Meegedeel deur die hoof, General Smuts High School.
(b) Vasgestel in die Skoolraadskantoor, Vereeniging.
2. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1952, 114.

Die volgende is keusevakke wat by hierdie Engelsmediumhoërskool aangebied word:

Std. X: Boekhou/Latyn/Kuns; Matesis/Algemene Wetenskap; Wetenskap/Biologie; Geskiedenis/Aardrykskunde/Tikskrif.

Std. IX: Latyn/Aardrykskunde/Tikskrif; Matesis/Algemene Wetenskap; Boekhou/Kuns/Geskiedenis; Wetenskap/Biologie.

Std. VIII: Matesis/Tik- en snelskrif; Boekhou/Latyn/Aardrykskunde.

Std. VII: Matesis/Tik- en snelskrif; Boekhou/Aardrykskunde.

Hierdie skool besit tans drie krieket-, vier rugby-, drie korfbal- en drie hokkiespanne en een tennisspan. Hier is ook 'n debatsvereniging en 'n dramatiese vereniging [1].

(iii) Vereenigingse Hoërskool. In Maart 1936 is £12,000 deur die Departement bewillig vir die oprigting van 'n hoërskool op Vereeniging [2]. Hierdie gebou is opgerig op tien morg grond wat deur die Vereeniging Estates in Leslie Park geskenk is [3]. In 1940 is nog meer grond deur hierdie maatskappy aan die hoërskool geskenk [4].

Daar is gevolglik oorgegaan tot die bou van 'n hoërskool, en op 12 Junie 1939 is die twee hoekstene van die gebou gelê deur ds. Steyn en B.J. Pretorius. Mnre. Pentz en Pauw, onderskeidelik die Provinsiale Sekretaris en die Sekretaris van Onderwys, was by hierdie geleentheid teenwoordig. Die naam van die skool sou wees VEREENIGINGSE HOëRSKOOL/ VEREENIGING HIGH SCHOOL [5].

Op 16 Januarie 1940 is die leerlinge in die sekondêre afdelings van die Handhawer- en Selborneskool oorgeplaas

/na hierdie .......

1. Meegedeel deur die hoof, General Smuts High School.
2. Notule Vereenigingse Skoolraad, 17.4.1936.
3. Ibid., 22.11.1935.
4. Ibid., 29.11.1940.
5. Ibid., 18.8.1939.

na hierdie nuwe dubbelmedium-hoërskool. F.J. du Pisanie, tans L.P.R. vir Vereeniging, was die eerste hoof [1].

Die gebou was in 1940 nog nie klaar nie maar tien klaskamers wat inderhaas voltooi is, is deur 220 leerlinge in gebruik geneem [2]. Die getal onderwysers by hierdie geleentheid was tien, ses vir die Afrikaanse en vier vir die Engelse afdeling [3].

Die volgende tabel gee die toename van die leerlingtal in hierdie skool:

| Datum | Getal leerlinge |
|---|---|
| 15.4.1941 | 323 [4] |
| 16.1.1945 | 452 [5] |
| 17.1.1950 | 624 [6] |
| 27.3.1953 | 818 [7] |
| 18.1.1956 | 856 [8] |
| 23.1.1957 | 932 [9] |
| Tans | 1,048 [10] |

In Januarie 1953 het die Engelsmediumleerlinge afgestig en na die General Smuts High School vertrek. Die getal leerlinge hierby betrokke was 322. Die Meyerton-hoërskool het op 7 Januarie 1953 van die Vereenigingse hoërskool afgestig [11].

Die huidige hoof, A.J. Visser, het diens op 1 Julie 1959 aanvaar.

/Die eerste .......

---

1. Vasgestel in die Skoolraadskantoor, Vereeniging.
2. Skooljoernaal, Vereenigingse Hoërskool, 16.1.1940.
3. Ibid., 17.1.1940.
4. Ibid., 15.4.1941.
5. Ibid., 16.1.1945.
6. Ibid., 17.1.1950.
7. Ibid., 27.3.1953.
8. Ibid., 18.1.1956.
9. Ibid., 23.1.1957.
10. Meegedeel deur die hoof, Vereenigingse Hoërskool.
11. Ibid.

Die eerste beheerraad van dié skool is op 1 April 1959 gekies en bestaan uit: ds. A. Ras (voorsitter), I.P. Ferreira (sekretaris), B.J.P. Pieterse, F.J. du Pisanie, ds. K.D. Struwig, ds. J.J. van As, G.J. de B. Nel, J.J. Coetzee, A.F. Gustafson, M. de Waal, A.J.N. Snyman en A.L. Botha[1]. Voorheen was skoolkommissies in werking by hierdie skool[2].

Leerlinge wat woonagtig is in Duncanville, Drie Riviere, Staatsdorp, Roodtstuine, Houtkop, Vereeniging-dorp en Unitas Park besoek hierdie skool.

Die Vereenigingse hoërskool besit agt rugby- en sewe korfbalspanne benewens verskeie tennisspanne en 'n atletiekspan. Die leerlinge kan bowendien deelneem aan swem, skiet, jukskei, volkspele, die Voortrekkers, die debatsvereniging en die Christelike Studentevereniging. Vir die beoefening van hierdie sportsoorte is hier 'n voetbalveld en vier korfbalbane by die skool.

Differensiasie geniet besondere aandag en baie word gedoen om ook aan die skrandere leerling die onderrig te gee wat hom toekom.

Daar is tans 46 onderwysers op die personeel.

Die skoolgebou is oorspronklik vir 450 leerlinge gebou en moet tans oor die duisend huisves. Dat dit dus hier beknop is, kan verstaan word.

Onderstaande tabel dui aan hoe die leerlinge in die verskillende standerds versprei is:

| Standerd | Seuns | Dogters | Totaal |
|---|---|---|---|
| 6 | 172 | 239 | 411 |
| 7 | 135 | 214 | 349 |

/8 ...............

1. Skooljoernaal, Vereenigingse Hoërskool, 2.4.1959.
2. Meegedeel deur die hoof, Vereenigingse Hoërskool.

| Standerd | Seuns | Dogters | Totaal |
|---|---|---|---|
| 8 | 86 | 62 | 148 |
| 9 | 50 | 30 | 80 |
| 10 | 31 | 29 | 60 |

Die volgende vakkeuses word aangebied:

Stds. VIII, IX en X: Enige viervan die volgende: Wetenskap, Biologie, Aardrykskunde, Geskiedenis, Kuns, Duits, Noord-Sotho, Bedryfskunde/Huishoudkunde, Matesis, Boekhou, Tik/Musiek.

Std. VII: Boekhou/Duits/Noord-Sotho; Wiskunde/Tik/Aardrykskunde[1].

(b) Gedifferensieerde onderwys in die middelbare skole. Die drie middelbare skole in Vereeniging het, net soos die ander middelbare skole in Transvaal, ooreenkomstig die bepalings van T.O.D.-omsendbriewe nos. 59 en 69 van 1957, met ingang van Februarie 1958 gedifferensieerde onderwys ingevoer.

Hiervolgens is die leerlinge vir praktiese doeleindes in die bekwaamheidsgroepe van die volgende bane ingedeel:

A-baan vir leerlinge wat na std. X verdere studiekursusse aan 'n universiteit of ander hoër onderwysinrigting wil volg.

B-baan vir leerlinge wat nie na 'n universiteit toe wil gaan nie maar nogtans std. X wil behaal.

C-baan vir leerlinge wat nie verder as std. VIII wil leer nie of wat dit moeilik sal vind om hulle studies verder as std. VIII te bring.

Die volgende tabel toon die indeling van die

/standerd .........

---

1. Meegedeel deur die hoof, Vereenigingse Hoërskool.

standerd ses- en seweleerlinge in die verskillende hoërskole vanjaar[1]:

| Skool | Std. VI | | | Std. VII | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | A-baan | B-baan | C-baan | A-baan | B-baan | C-baan |
| Dr. Malan | 64 | 65 | 96 | 61 | 55 | 92 |
| Genl. Smuts | 69 | 57 | 56 | 76 | 35 | 52 |
| Vereeniging Hoër | 143 | 131 | 92 | 149 | 140 | 62 |

(c) Skoolverlaters uit die Hoërskole.

Die ontwikkeling van Vereeniging as industriële sentrum, het meegebring dat sommige leerlinge van die plaaslike hoërskole na die nywerhede getrek word voordat hulle hul skoolloopbaan deurloop het. Dit is veral die geval met die verstandelik minder gegoede leerlinge, of met hulle wat as gevolg van ekonomiese druk tuis nie in staat gestel kan word om tot matriek die skool by te woon nie. Die gevolg is dan dat hierdie leerlinge die skool verlaat (meestal met standerd agt) om 'n heenkome in die fabrieke of nywerhede te vind.

Onderstaande is besonderhede van die skoolverlaters en die persentasie of getalle wat deur die nywerhede van Vereeniging van werk voorsien word[2]:

/Jaar .............

1. Meegedeel deur die hoofde van die onderskeie hoërskole.
2. Ibid.

| Jaar | Skool | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Vereeniging Hoër | | | Dr. Malan Hoër | | | Genl. Smuts High | | |
| | Seuns | Dogters | Plaaslik in diens geneem | Seuns | Dogters | Plaaslik in diens geneem | Seuns | Dogters | Plaaslik in diens geneem |
| 1950 | 31 | 19 | 92% | | | | | | |
| 1956 | 37 | 51 | 85% | 21 | 37 | Ongeveer 60% van seuns en 15% van dogters | 8 | 9 | 16 |
| 1957 | 30 | 29 | 84% | 31 | 36 | | 6 | 1 | 6 |
| 1958 | 22 | 37 | 90% | 25 | 30 | | 8 | 7 | 12 |

(d) <u>Hoër Handel- en Tegniese Skool</u>. Daar was reeds in 1926 deeltydse tegniese en handelsklasse in Vereeniging, toe dit in die Selborne-skoolgebou aangebied is. Later het dit nodig geword om ook die Selborne-saal by te kry. Destyds was daar ongeveer 50 leerlinge vir die tegniese klasse en 'n ietwat meer deeltydse handelsleerlinge wat die klasse bygewoon het.

Die hoeksteen van die huidige Tegniese Kollege is op 10 Augustus 1935 gelê deur wyle J.H. Hofmeyer, destyds Minister van Onderwys. Op 2 Oktober 1937 is die Kollege as 'n tak van die Witwatersrandse Tegniese Kollege deur dr. T.N. Leslie geopen. Die eerste hoof van die nuwe Kollege was ene Dawson. Hy is in hierdie hoedanigheid in 1937 opgevolg deur R. Daly. In Januarie 1944 het A.D. Crawshaw hoof geword. Van 1947 tot 1949 was J. Goedhals hoof; die huidige hoof, C.B. Hamilton, is in hierdie hoedanigheid in 1950 aangestel.

Met die opening van die Kollege in 1937 was die inskrywingstal 205. Dit het aangegroei tot 490 in 1946 en tot 870 in 1950. Die huidige inskrywingstal is 1,550. Dit dui op die belangrikheid wat hierdie inrigting inneem in die industriële ontwikkeling van Vereeniging. Die bestaansreg van die Kollege lê daarin dat aan seuns en dogters 'n gespesialeerde tegniese en handelsonderrig gegee word asmede 'n goeie algemene opvoeding, sodat hulle 'n volwaardige rol kan speel in die ontwikkeling van hulle gebied.

Op buitemuurse gebied word ook baie gedoen deur dié skool. Daar is nege rugby-, vier korfbal-, drie krieket-, twee hokkie-, twee tennis-, twee swem- en twee atletiekspanne. Die sportterreine is besonder beperk maar nogtans behaal die leerlinge van hierdie inrigting besonder goeie welslae.

Benewens voorgaande neem die leerlinge van hierdie inrigting ook deel aan volkspele, debat, e.d.m.

Die huidige personeel bestaan uit 50 onderwysers en vyftien ander blanke lede. Die gebou het 34 klaskamers waarin onderrig gegee word.

Leerlinge besoek dié inrigting per fiets, bus, trein en motorkar. Hulle kom tot sover as 20 myl van die dorp af.

Waar Vereeniging in die afgelope dekade 'n fenomenale industriële groei ondervind het, was hierdie inrigting, veral die tegniese afdeling daarvan, die aangewese onderwysinrigting om in die nywerhede se aanvraag om opgeleide personeel te voorsien. Vir sover vasgestel kon word, het feitlik al die vakleerlinge asook die leerlinge in die handelsafdeling van dié inrigting poste in die distrik bekom[1].

/3. Samevatting ...

1. Meegedeel deur die hoof, Hoër Handel- en Tegniese Skool, Vereeniging.

3. Samevatting.

(a) Primêre skole. Voor die Tweede Vryheidsoorlog het daar slegs 'n paar skooltjies in die distrik bestaan. Die kampskool het na die sluiting van die Vrede oorgegaan in die Selborneskool wat in Februarie 1903 gestig is. In dieselfde jaar is die skole op De Deur en Hartzenbergfontein gestig.

Hierna volg nou 'n tydperk van geleidelike en normale groei in Vereeniging en 'n nuwe skool is al om die paar jare geopen. So is die Magrietha Prinsloo-skool op Evaton in November 1915 geopen. In April 1922 volg die Voorwaartsskool in die KliprivierVallei. In Oktober 1924 stig Handhawer as Afrikaansmediumskool af van Selborne. Drie jaar later is Panfontein geopen.

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog begin Vereeniging as industriële sentrum al hoe meer op die voorgrond tree. Die gevolg was dat nie net werkers hierheen getrek word nie maar ook dat meer skole gestig moes word vir die kinders van hierdie fabriekswerkers. Dit was dan so nodig om Unitas Park in Julie 1940 en Daleside in Januarie 1941 te stig.

Na die sluiting van die vrede volg 'n tydperk van fenomenale groei in Vereeniging. Ook op opvoedkundige gebied kan dié groei opgemerk word. Dit was in 1947 nodig om nie minder nie as drie skole te open, t.w. die skole Johanna van der Merwe, Roodtstuine en Victory. In Januarie 1950 word Peacehaven gestig en in April 1953 word die Afrikaansmediumskool in Drie Riviere gestig. Net die volgende jaar, in April, word die Krugerlaan Spesiale Skool geopen om voorsiening te maak vir verstandelik minder gegoede leerlinge in Vereeniging. Dieselfde jaar in Julie word die Miltonskool gestig om te voorsien in die behoefte van die Engelsmediumleerlinge wat in die oostelike en noord-oostelike

/voorstede.........

voorstede van Vereeniging woon. Die Rothdeneskool word in Augustus 1955 geopen en hy word in 1957 gevolg deur die Duncanville- en Kliprivierskool wat albei in Januarie van daardie jaar gestig word. Vereeniging se fenomenale groei is nie alleen waar te neem aan die aantal skole wat geopen moes word nie maar ook in die getal leerlinge wat by die verskillende skole ingeskryf is. Dit was telkens nodig om bestaande skole te vergroot aangesien die bestaande akkommodasie ontoereikend geword het. By feitlik alle skole moes daar aangebou word of is daar tydelike klaskamers voorsien.

By alle skole is spanne in feitlik alle sportsoorte aangetref en sportbyeenkomste word met gereelde tussenposes gehou.

(b) Middelbare inrigtings. Vertoë vir die oprigting van 'n hoërskool op Vereeniging is reeds in 1917 gemaak. Hieraan kon egter nie uitvoering gegee word nie en daar is aan 'n hele paar primêre skole middelbare afdelings toegesê om in hierdie behoefte te voorsien. Eers in 1940 het Vereeniging 'n eie hoërskool gekry. Dit was 'n dubbelmediuminrigting en dit het as sodanig vir dertien jaar bly voortbestaan. In Januarie 1953 is die General Smuts High van die Vereenigingse Hoërskool afgestig en van toe af kon die Engelssprekende leerlinge van Vereeniging 'n hoërskool van hul eie besoek. In diselfde jaar is die Dr. Malan Hoërskool op Meyerton geopen en van toe af hoef die hoërskoolleerlinge wat in die noordelike dele van die distrik woonagtig was, nie meer die talle myle af te reis om die skool te besoek nie.

Die Tegniese en Handelskool het deeltydse klasse sedert 1926 aangebied. Toe was dié skool nog 'n tak van die Witwatersrandse Tegniese Kollege. Namate Vereeniging egter as industriële sentrum ontwikkel het, het dit nodig geword om 'n eie tegniese skool hier te verkry; die Tegniese

/Kollege ..........

Kollege hier voorsien in die behoeftes van industrieë vir die opleiding van vakmanne en persone in die handelswêreld.

'n Groot verskeidenheid van keusevakke word by die drie provinsiale inrigtings aangebied. Baie word op buitemuurse gebied gedoen. Al die middelbare inrigtings het spanne in feitlik alle sportsoorte en die onderlinge mededinging geskied op 'n baie gesonde grondslag. Opvoedkundige werk van 'n hoë gehalte word deur hierdie inrigtings gelewer en hulle staan hoog aangeskryf in die samelewing van Vereeniging.